Harvesters MINISTRIES
Opening the Way

Februarie 2023



NE0223_6_EM afr3

# ’n Koninklike verwelkoming deur ’n nuwe nasie

## Baan die weg in Eswatini

In Mei 2022, het Harvesters pastorale opleiding in die dorpie, Ingweni, Suid-Afrika begin – sigbaar oor die heuwels, slegs 2 km van die grens met Eswatini. Eswatini, voorheen bekend as Swaziland, is ’n klein, landingeslote land in Suidelike Afrika. Dit is ’n algehele monargie, die laaste van sy soort op die kontinent.

Ongeveer 35 leraars van Eswatini het die opleiding in Suid-Afrika bygewoon en ons het bespreek hoe Harvesters se Hub-kerkmodel in hulle land geïmplenteer kan word. Op die tweede dag van byeenkomste, is ons na ’n spesiale diens uitgenooi wat slegs een keer per kwartaal plaasvind wanneer alle denominasies in die gebied saamkom.

Prins Mngomezulu van die Koninklike Familie van Eswatini was teenwoordig; ’n baie spesiale gas wat gekom het om die Koning van konings te aanbid. Tydens sy toespraak het hy Harvesters Ministries hartlik verwelkom.

“Ons het gevra of hy ’n Christen is,” sê Beyers Brink, Streeksleier vir Suidelike Afrika. “Toe ontdek ons hy is ’n leraar.”

Vyf maande later het Harvesters vir die eerste keer na Eswatini gereis om ons kurrikulum en evangelisasie-opleiding tydens ’n bekendstellingsgeleentheid aan te bied. Om die waarheid te sê, ons het twee bekendstellings in verskillende dele van die land gehou. God het verseker die weg vir Eswatini gebaan.

Prys die Here vir die wonderlike ontvangs in hierdie pragtige koninkryk! Ons deel in die plaaslike leraars se opgewondenheid om te begin om die land te versadig met kerke wat deur evangelisasie geplant is. Danksy jou ondersteuning word dit nou verwesenlik. Ons is dankbaar vir jou.



### Ook in hierdie uitgawe:

2 Van gevange tot kerkplanter
4 Ons bereik die bergvolk


# Van gevange tot kerkplanter

## Die getuienis van Leraar Maque Binda, Mosambiek

Leraar Maque Binda is ’n ongelooflike man van God. Deur Harvesters se opleiding toe te pas, het hy 15 kerke in die bedrywige stad, Beira geplant – ’n hawestad aan die kus van sentraal-Mosambiek.

Leraar Maque het in ’n Christelike huis grootgeword, maar het nie self Christus gevolg nie. Hy het ’n troebel jeug gehad en was vir ’n ruk in die tronk, maar sy moeder het nooit opgehou om vir hom te bid nie. Op ’n dag, nadat ’n vriend hom valslik van diefstal beskuldig het en hy gearresteer is, het Maque besef hy het geen opregte vriende nie. Hy het hom na God gewend.

“Omtrent vier maande later het ek iets in my hart voel roer,“ het hy vertel. “Die gedagte om my vriende te evangeliseer, het by my opgekom.” Leraar Maque het voortgegaan en ’n groot kerk in Cala, waar hy op daardie stadium gewoon het, geplant.



**Skandeer om na die getuienis-video van leraar Maque te kyk**

Toe sy werkgewer hom vra om na Beira te verhuis – ongeveer sewe uur se ry suid – was hy angstig omdat die taal in Beira verskil. Hy het egter God se leiding gevolg en ingestem en gou het hy sy nuwe kollegas geëvangeliseer. “Waar ek ook al beweeg het, waar ek gewerk het, het ek die Evangelie verkondig,” het hy gesê.

God het Maque geroep om ’n nuwe kerk te plant. Hy het geroepe gevoel om die gevaarlikste plek in Beira uit te




Wanneer jy Harvesters ondersteun, help jy leraars soos Maque Binda om die Evangelie te verkondig en om kerke te plant in gebiede wat dikwels moeilik is om te bereik.

soek en sy kerk daar te plant. So is hy na Munhava, berug vir misdaad. “Daar was jeugdiges wat moord gepleeg het, selfs polisiemanne vermoor het,” het hy gesê.

Hy het elke dag in Munhava rondgeloop en met mense oor Jesus gepraat. Baie het hom geïgnoreer, maar sommige het vir ’n paar oomblikke by hom vertoef. “Deur die krag van God is twee mense die eerste dag gered,” het hy gedeel.

Hy het hierdie twee nuwe gelowiges huis toe genooi om hulle te leer en saam te bid. “Net die volgende dag is beide van hulle saam met my na die markte in Munhava!”

Mense het Maque teen die gevaar in Munhava gewaarsku, maar hy was vasberade. “Ek het gevas en tot God gebid dat die kriminele Munhava sou verlaat,” het hy gesê, en hy was ooggetuie van vele jongmense wat na Christus gekom het.

“In 2014, het hy van Harvesters Ministries gehoor,” verduidelik hy. “Dit het my ongelooflik baie gehelp om te evangeliseer. Ek het begin om die Blye Boodskap van deur tot deur te verkondig.”

Tot dusver het hy 15 kerke in die omtrekke van Beira geplant. “Mense wat as moordenaars en kriminele in Munhava bekend gestaan het, is nou gelowiges en verkondig die Woord van God,” het hy vertel. “God het my waarlik gehelp.”

Onlangs het sy werkgewer hom weer gevra om te verhuis, “maar my taak om in Beira te evangeliseer, was nog nie afgehandel nie,” het hy verduidelik. Hy het gevra om langer in Beira aan te bly, maar hulle het sy versoek geweier. Hy is voor ’n keuse gestel, óf om vir hulle te werk óf om die Evangelie te verkondig. “Ek het my werk dieselfde dag verlaat, “ het hy gesê. “Selfs sonder die werk gaan dit goed met my en my bediening.”

Hy beplan om binnekort die eerste kerk wat hy geplant het, wat tot meer as 400 lidmate gegroei het, in sewe kleiner groepe te verdeel sodat elke groep op hulle beurt kan evangeliseer en meer mense met die Evangelie kan bereik. Elke groep sal onder leiding van nuwe leraars wat deur Harvesters opgelei is, staan.

Wat leraar Maque betref, hy voel weereens geroepe om te gaan waar niemand anders gaan nie. Hierdie keer na die noordelike provinsie van Cabo Delgado. Dit is ’n gevaarlike plek met toenemende ekstremistiese Islamitiese aktiwiteite. Militante gebruik plofstof, kapmesse en vuurwapens om dodelike aanvalle uit te voer, en hulle brand voertuie en huise.


Hy is egter nie bang nie. Hy verduidelik dat Cabo Delgado vol verlore en ontburgerde jeugdiges is wat in allerhande moeilikhede verstrengel raak en in en uit die tronk is. “Hulle benodig egter nie meer tronke of polisie nie,” het hy verklaar. “Hulle benodig meer leraars om na hulle om te sien en die waarheid, lewe en vryheid van Jesus Christus aan hulle te demonstreer.”

Bid saam met ons vir leraars net soos Maque Binda, wat geesdriftig verlorenes bereik en die Koninkryk uitbrei.










NE0223 _5_EM afr3





# Ons bereik die bergvolk

Harvesters het onlangs na Viëtnam teruggekeer en met ons vennote en studenteleraars ontmoet. Plaaslike leraar, Minh*, het sy hernieude visie om die Hmong wat in Viëtnam se noordelike hooglande woon, met die Evangelie te bereik, gedeel.

Hy is een van 300 000 gelowiges uit 'n miljoen Hmong wat in Viëtnam woon. Baie van hulle het in die 1980's tot geloof gekom deur 'n radioprogram in die Hmong-taal wat vanuit Manila uitgesaai is. As gevolg van hierdie vinnige groei, het die Viëtnamese owerheid teen die Hmong-Christene opgetree deur propaganda teen Christene te publiseer en geloofsvryheid te beperk.

"Harvesters se kerkplantingsopleiding is wat elke leraar benodig. Dit gee ons 'n duidelike strategie en metode wat ons pogings om die 700 000 onbereikte Hmong te bereik, sal vernuwe," het leraar Minh gesê toe ons die drie dae lange opleiding in Hanoi met 'n tyd van aanbidding afsluit.

*Naam verander vir beskerming.

## Skakel met Harvesters Ministries op enigeen van ons platforms:

- www.facebook.com/harvestersmin
- www.instagram.com/harvestersministries
- www.youtube.com/c/HarvestersMinistries
- www.twitter.com/HarvestersMin
- www.harvestersministries.com

**Bankbesonderhede vir direkte inbetalings:**
Harvesters Ministries, ABSA Bank,
Rekeningnr: 4075041297, Takkode: 632005
Verwysing: "NE0223EM"+[jou naam]

**Meer opsies om te gee:**

Besoek ons webblad ... om **aanlyn** te gee.

Nou kan jy ook met **kripto geldeenhede** gee

Of volg die qr kode om via **Zapper** of **SnapScan** te gee ...

zapper

SnapScan

***Baie dankie vir jou volgehoue ondersteuning!***

**Harvesters MINISTRIES**

Harvesters Ministries is 'n Geregistreerde Nie-Winsgewende- en Openbare Weldaadsorganisasie Organisasie (NPO en PBO).

WhatsApp: **064-809-6326**
(stuur jou naam en van en ons sal jou kontak).

Telefoon: **021-300-5629**

E-pos: **info@harvestersministries.com**

Posdres: **Freepost CB11432 • Strand, 7139**
(Geen posgeld nodig nie indien binne Suid-Afrika gepos word).

Fisiese Adres: **Eenheid 9, Tazra Park 2 • Stuart Close • Somerset West Business Park • Somerset-Wes , 7130**

*Tree met Harvesters Ministries in verbinding indien jy wil hê ons moet die gratis Dissipelmakerskursus by jou kerk kom aanbied.*

Opening the Way